




Daagreëls.

Dit is aangepas om daagwedstryde makliker te laat vlot.

Ons het 'n piramide-stelsel ingebring, wat ook geredelik deur ander skole gebruik word, waar spelers nou 'n geleentheid gebied word om meer plekke op te daag en dus dan in 'n hoër span kan eindig sou hy of sy dink dit is binne hul vermoë.

Spelers kan enige iemand op sy eie vlak en die vlak bokant hom daag bv. B2 kan vir B1, A2, A3 of A4 daag.

Piramide Sisteem



Die posisie word gedaag nie die persoon nie!

Daar is 'n tydskaperking: Finale Datums word gekommunikeer

1. Daagreëls

1.1 Daagwedstryde vind in die tweede en vierde kwartaal plaas na afloop van die kampioenskappe of net as daagtydperk tot en met 'n datum soos deur die tennisorganiseerder bepaal. Die organiseerder sal die komitee se insette raadpleeg indien nodig.

1.2 Sodra die Ligawedstryde begin is daar nie meer daagwedstryde nie, sodat die spelers in spanverband saam kan oefen.

1.3 Die doelwit van die daagstelsel is daar om die beste spanne vir die skool te bepaal. Spelers daag volgens die piramide ranglys prosedure. Elke speler kry slegs maksimum drie daagbeurte. Beide Oopspanne en 0/11 spanne volg hierdie prosedure.

1.4 Die uitdager neem die plek van die gedaagde in mits hy wen en die gedaagde en almal onder hom skuif een plek af. Sou die dager verloor, bly die ranglys soos dit is.

1.5 Die ranglys sal gereeld tydens die daagtydperk opgedateer word en aan die ouers gestuur word.

1.6 Indien die uitdager verloor, mag hy/sy nie binne 3 dae dieselfde persoon daag nie, hy mag egter onmiddellik iemand anders daag.



1.7 Daagwedstryde kan vir 'n week uitgestel word mits die speler 'n "geldige rede" het. Dit verhoed egter nie ander spelers om ook die sodanige persoon te daag nie. Net een daag mag op 'n keer deur 'n speler geregistreer word.

1.8 'n Speler wat siek is sal slegs van 'n daagwedstryd verskoon word as hy 'n geldige mediese sertifikaat het. Die daagwedstryd moet dan binne 'n week van die aanvanklike daagdatum plaasvind. Indien die dager nie binne 'n week genoegsaam herstel het om die daagwedstryd te speel nie verval die daagwedstryd. Indien die uitgedaagde nie binne 'n week genoegsaam herstel het om die daagwedstryd te speel nie neem die dager sy plek op die ranglys in en die gedaagde skuif een plek af.

1.9 'n Speler wat te siek is om 'n daagwedstryd te speel ('n mediese brief moet getoon word) mag ook nie aan die tennis oefeninge in die oggende deelneem nie.

1.10 Daagwedstryde vind op weesmidae plaas soos deur die daagsekretaris bepaal.

1.11 Daagwedstryde sal slegs op die dae soos deur die daagsekretaris bepaal, gespeel word.

1.12 Die daagsekretaris mag 'n uitsondering maak indien een van die spelers 'n geldige rede verskaf.

1.13 Ouers stuur 'n e-pos met die gedaagde se naam aan die daagsekretaris. Die daagsekretaris stuur dan epos wat ontvang is, aan die gedaagde se ouers. Die gedaagde persoon stuur dan twee beskikbare datums aan die daagsekretaris. Die daagsekretaris is by magte om die aantal dae beskikbaar te stel waarop daagwedstryde kan plaasvind. Indien slegs twee dae beskikbaar gestel word waarop die daagwedstryde kan plaasvind, moet die gedaagde een van die twee dae kies. Die daagsekretaris stuur die datums aan die dager. Die daagsekretaris stuur 'n e-pos aan beide ouers om die wedstryd te bevestig. Die daagsekretaris skryf beide spelers se name op die daaglys neer. Indien die uitgedaagde nie binne 24 uur 'n datum verskaf nie, neem die dager sy plek op die ranglys in. Indien die dager nie op die voorgestelde dag, soos deur die uitgedaagde voorsien, kan speel nie, verval die wedstryd. Bevestig ontvangs van epos per Sms of WhatsApp indien nodig blyk.

1.14 Die telling moet so gou moontlik per epos, sms of WhatsApp aangestuur word. Vir rekorddoeleindes moet die telkaart bygehou word.

1.15 Leerders wat aan oefeninge van ander sportsoorte deelneem, kan dit nie as verskoning gebruik om nie aan 'n daagwedstryd deel te neem nie. Die gedaagde persoon moet verskoning maak by die sport se betrokke afrigter, sodat die wedstryd kan plaasvind. Verskoning sal slegs aanvaar word indien die dager 'n amptelike ligawedstryd van 'n ander skool sportsoort moet bywoon.

1.16 'n Speler kan versoek dat daar 'n baanskeidsregter teenwoordig is om telling te hou maar die skeidsregter mag nie 'n leerder wees nie.

1.17 Sou 'n kind weier om aan 'n daagwedstryd deel te neem, of nie by die geskeduleerde wedstryd opdaag nie sonder 'n "geldige rede", neem die dager outomaties sy plek op die ranglys in. Sou die dager nie by die wedstryd opdaag nie, verval die wedstryd asook een daagbeurt.



1.18 Die dager voorsien die wedstrydballe (balle moet nuut of redelik nuut wees). Vir alle daagwedstryde moet "Green Dot" balle gebruik word.


1.19 Geen ouers of toeskouers mag kommentaar lewer of 'n kind se beslissing bevraagteken tydens 'n daagwedstryd nie. Indien enige van die betrokke spelers se ouer voel dat die ander speler se ouers nie die bogenoemde reël gehoorsaam nie, dit dadelik aan die toesighoudende persoon sal rapporteer. Indien die ouer steeds voortgaan met enige inmenging of kommentaar ten opsigte van die wedstryd, sal die ouer versoek word om die terrein te verlaat.

1.20 Na 2 onsuksesvolle daagwedstryde teen dieselfde persoon, mag daardie persoon nie weer die betrokke persoon in daardie kwartaal daag nie.

1.21 Enige probleem/versoek/dispuut wat 'n speler of ouer onder die daagsekretaris se aandag wil bring moet skriftelik (hetsy per brief of e-pos) geskied.

1.22 Enige dispuut sal na die komitee verwys word vir uitsluitel. Die komitee se besluit is finaal en bindend. Indien daar 'n persoon op die komitee is wie se kind betrokke is by die dispuut, sal die persoon buite stemming bly en ook nie betrokke wees tydens die bespreking van die dispuut nie. Indien daar 'n gelykop stemming is sal die voorsitter se stem die finale besluit wees.

1.23 Die komitee kan op meriete nog daagwedstryde aanbeveel sou dit nodig wees.



Piramide Sisteem

Die posisie word gedaag nie die persoon nie!